

DIE kykNET GHOEMA MUSIEKTOEKENNINGS 2019

AMPTELIKE KRITERIA, REÛLS & REGULASIES

- 1 **Inleiding**
- 1.1 **Die kykNET Ghoema Musiektoekennings** (hierna genoem **Die Ghoemas**) is 'n amptelike onafhanklike toekenningsgeleentheid waar kunstenaars, musiekgroepe, musikante, vervaardigers en liedjieskrywers van die Afrikaanse musiekbedryf vir sekere prestasies oor 'n spesifieke periode vereer word.
- 1.2 **Die Ghoemas** funksioneer sonder enige eksklusiewe naamregte en/of besluitneming deur die nasionale pers & media, of enige platemaatskappy. Platemaatskappye en die pers & media staan in vennootskap om die musiektoekennings te bemark, uit te voer en blootselling te verleen binne 'n ooreenkomsraamwerk met elk.
- 1.3 **Die Ghoemas** word gemaak tydens 'n toekenningsgeleentheid, na afloop van 'n konsekwente en regverdigde inskryf-, beoordelings- en benoemingsproses. 'n Geakkrediteerde ouditeursfirma sal verantwoordelik wees om alle bepunting van die gekose beoordelaars asook die stembekommende van die publiek (vir slegs daardie betrokke kategorieë) te oudit in die belang van deursigtigheid.
- 1.4 **Die Ghoemas** word bestuur deur die Ghoema Musiek Trust wat bestaan uit sekere Trusteers, 'n Bestuurskomitee asook 'n Hip Hop-komitee en alle benoemdes as begunstigdes daarvan.
- 2 **Die Ghoema Musiek Trust en Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee**
- Die dokument van die Amptelike Trustakte van die Ghoema Musiek Trust is publieke eiendom en mag deur enige persoon besigtig word. Die Trustakte sal op aanvraag beskikbaar gestel word. Die Ghoema Musiek Trust kan kortliks soos volg omskryf word:
- 2.1 **Doelstellings van die Trust**
- Die doelstellings van hierdie Trust is:
- 2.1.1 die daarstelling en vervaardiging van 'n alomvattende Afrikaanse musiek en kunstenaar toekenningsgeleentheid van watter aard ookal met die doel om Afrikaanse kunstenaars in Suid-Afrika te vereer. Dit geskied volgens die Amptelike Kriteria, Reëls en Regulasies-dokument wat jaarliks deur die Trusteers uitgereik en tydens 'n eenmalige maar afsonderlike vergadering deur die Bestuurskomitee en die Hip Hop-komitee by wyse van demokratiese stemming aangepas word;
- 2.1.2 die saamstelling, skepping, ontwikkeling, vervaardiging en uitvoering van die doelstelling van die Trust, maar ook van enige ander projek wat verband hou met die bevordering, uitbouing en vereering van Musiek, Vermaak, Kuns en Kunstenaars;
- 2.1.3 om enige skema, fasiliteit en/of voordele te ondersoek, kwotasies te kry, te aanvaar en te implementeer wat die breë behoeftes van Musiek, Vermaak, Kuns en Kunstenaars kan verryk asook diegene wat direk of indirek in die bedryf van musiek of kunste betrokke mag wees;
- 2.1.4 om Musiek, Vermaak, Kuns en Kunstenaars op alle vlakke te bevorder: deelname daaraan, onderrig daarvan, hetsy as vervaardiger, beoordelaar of as gehoor. Om hul te beywer om die talente van die deelnemers volgens die kriteria, soos van tyd tot tyd deur die Trusteers bepaal, huidig en daarna die hartklop van die gemeenskap te maak; om 'n wêreldklas-aanbieding en toekenningsgeleentheid daar te stel wat standvastig en ambisieus gegrond is en selfs netwerke te vorm om gesamentlik met die Trust in sy beoelings te slaag.
- 2.1.6 Dit is die taak van die Hoof Uitvoerende Beampte om die nodige personeel aan te stel om die werksaamhede van die Ghoema Musiek Trust te vervul. Die vergoedingspakket van hierdie personeel (insluitend die van die Hoof Uitvoerende Beampte) moet van tyd tot tyd deur die res van die Trusteers besluit word.
- 2.1.7 Enige ander maandelike vergoedings word in die Ghoema Trustakte vervat en is beskikbaar vir besigtiging.
- 2.1.8 Soos vervat in die Trustakte mag die Trusteers die besluite van die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee herroep, verander, nietig en/of ongeldig verklaar sou welke besluit nie in die beste belang van **Die Ghoemas** wees nie. Die Trusteers mag verder enige beoordelaars-resultaat waar die kriteria nie streng toepas is nie, via 'n resoluie diskwalifiseer.
- 2.2 **Trusteers**
- Daar moet ten alle tye gedurende die bestaan van die Trust minstens VIER en 'n maksimum van SEWE Trusteers van die Trust wees, welke Trusteers tans as volg daarna uitsien:
- 2.2.1 Heidi Edeling (Hoof Uitvoerende Beampte)
- 2.2.2 Frikkie Jordaan (Regsverteenwoordiger: FJ Jordaan Incorporated)
- 2.2.3 Henico Schalekamp (Ouditeur: PKF Octagon)
- 2.2.4 Karen Meiring (MNET: Direkteur kykNET Kanale)
- 2.2.5 Loyiso Bala
- 2.2.6 Shihaam Domingo
- 2.2.7 Gerda van Reenen - dien nie op die Raad van Trusteers nie, maar dien as die Algemene Administratiewe Beampte van **Die Ghoemas**.
- 2.3 **Bestuurskomitee en sy take: (Exco / Steering Committee)**
- 2.3.1 Die Bestuurskomitee bestaan uit hoofde en/of verteenwoordigers van platemaatskappye asook individue wat verskeie onafhanklike kunstenaars verteenwoordig en die Hoof Uitvoerende Beampte van **Die Ghoemas** dien as die voorsittende beampte, welke persoon insae mag hê in alle besluitnemingsprosesse maar nie stemreg nie.
- 2.3.2 Die Bestuurskomitee sluit uit persone wat bemaatig is om kategorieë 12 & 23 se kriteria, reëls en regulasies te bepaal. 'n Aparte Hip Hop-komitee (wat van tyd tot tyd mag verskil) dien as spesialiste om voorgenoemde inligting te bepaal en bestaan uit lede soos benoem deur die Raad van Trusteers. Die Hoof Uitvoerende Beampte van **Die Ghoemas** dien as die voorsittende beampte, welke persoon insae mag hê in alle besluitnemingsprosesse maar nie stemreg nie. Dié lede moet ook die beoordelaars vir kategorieë 12 & 23 via demokratiese benoeming en stemming aandui. Dit mag so wees dat lede van hiêrdie komitee wel op beide komitees dien met dien verstande dat sodanige lede omvattende kennis, insae en ervaring in die breë Afrikaanse musiekmark het.
- 2.3.3 Indien 'n lid van een of beide komitees inskryf vir **Die Ghoemas**, mag welke persoon insae hê in alle besluitnemingsprosesse asook stemreg soos van toepassing.
- 2.3.4 Lede vir beide komitees mag via volmag-aanstelling, sou hul nie 'n vergadering fisies kan bywoon nie, hul stemreg aan 'n gekose komitee-lid oordra. Sodanige stemming word as volg bepaal: 'n Korum nl. meer as die helfte van die komitee-lede wat stemreg het, moet teenwoordig wees. Elke komiteelid teenwoordig het een (1) stem, ongeag die bywoning van die aantal persone wat instansies/kunstenaars verteenwoordig. Lede buite Gauteng mag via Skype 'n vergadering bywoon en volmag-aanstelling is dus nie nodig nie.
- 2.3.5 Nuwe lede vir beide komitees is welkom maar moet 'n geloofsbrief (*credentials*) asook die kunstenaars wat hy/sy verteenwoordig aan die Hoof Uitvoerende Beampte voorlê alvorens hy/sy by die Bestuurskomitee en/of die Hip Hop-komitee kan aansluit. Dit is die veronderstelling dat voornemende lede musiekadministrasie as 'n loopbaan beoefen en sou die inligting voorgelê deur die Hoof Uitvoerende Beampte betwyfel word, moet sodanige lid se aansoek na die Trusteers verwys word vir besluitneming of lidmaatskap geldig is al dan nie.
- 2.3.6 **Die Bestuurskomitee se oorhoofse take sluit die kriteria van kategorieë 12 & 23 uit, maar sluit in:**
- 2.3.6.1 Die uitvoerende bestuur en besluitneming van **Die Ghoemas** en sy werksaamhede;
- 2.3.6.2 Die samestelling van gepaste Kriteria, Reëls & Regulasies wat deur middel van samesprekings en demokratiese stemming daargestel en bestuur word deur 'n onafhanklike persoon – in hierdie geval Heidi Edeling in haar hoedanigheid as die Hoof Uitvoerende Beampte van die Ghoema Musiek Trust;
- 2.3.6.3 Om inskrywings na te gaan en die korrekte inhoud daarvan te verseker en om die materiaal/werke na te gaan en te verseker dat dit volgens die kriteria kwalifiseer vir die kategorie waarvoor dit ingeskryf is. Hul mag wel van tyd tot tyd 'n persoon benoem/aanstel om hierdie taak namens hulle te voltooi maar so 'n persoon sal hiervoor vergoed word, welke vergoedings-aanbod deur die Hoof Uitvoerende Beampte bestuur sal word;
- 2.3.6.4 Om inskrywings oor te plaas na ander kategorieë indien hierdie bepaalde inskrywings volgens die diskresie van die Bestuurskomitee beter sou vaar in 'n ander kategorie. Dit geskied binne die raamwerk van die kriteria en in oorleg met die kunstenaar en/of die persoon/instansie wat die kunstenaar/s ingeskryf het;
- 2.3.6.5 Om 'n gepaste en kundige beoordelaarspaneel saam te stel wat deur die Beoordelingskoördineerder (in dié geval Heidi Edeling in haar hoedanigheid as die Hoof Uitvoerende Beampte) bestuur word. **Die beoordelaars-paneel word as volg saamgestel en hul taak is as volg:**
- 2.3.6.5.1 Die Bestuurskomitee benoem kundiges vanuit alle oorde wie hul dink bevoeg is om as 'n sogenaamde hoofbeoordelaar op te tree en hierdie name word sonder voorbehoud op 'n lys geplaas. Dit impliseer dat die uiteindelijke beoordelaarslys nie altyd dieselfde daarna uitsien nie;
- 2.3.6.5.2 Stemreg is gevestig in een verteenwoordiger per platemaatskappy/groep/vertteenwoordiger van onafhanklike kunstenaars, ongeag die aantal persone wat op die Bestuurskomitee dien. Tydens 'n Bestuurskomitee-vergadering word hierdie lys bespreek en via demokratiese stemming verkort na nie meer as **70** name nie;
- 2.3.6.5.3 Via epis ontvang elke Bestuurskomitee-lid wat stemreg het, 'n digitale lys van die verkorte naamlys en moet hul hul top **21** keuses aandui;
- 2.3.6.5.4 Na verwerking van die data, word die top **28** kundiges wat die hoogste punte ontvang het, genader om as 'n beoordelaar op te tree. Sou so 'n persoon nie beskikbaar wees nie, word die persoon met die naashoogste punte genader. Sou daar meer as een persoon wees met dieselfde punt, word die Bestuurskomitee-lede met stemreg weer genader om te stem totdat **28** beoordelaars bevestig is;
- 2.3.6.5.5 Die Bestuurskomitee benoem ook sogenaamde spesialis-beoordelaars om spesifieke kategorieë te beoordeel. Hierdie beoordelaars word ook op 'n kortlys geplaas en die Bestuurskomiteelid met stemreg moet hul top 3 keuses in elke kategorie aandui. Dieselfde proses as hierbo genoem, word dan gevolg om die gekose persoon te identifiseer;

- 2.3.6.5.6 Die identiteit van bevestigde beoordelaars word tot en met die toekenningsfunksie weerhou en hul teken 'n Eed van Geheimhouding. Hul identiteit slegs aan die volgende persone bekend: die beoordelingskoördineerder, beide die outiteur en die regsvertegenwoordiger wat op die Raad van Trustees dien sowel as die administratiewe beampte van die Trust. Die identiteit van die beoordelaars mag dus ten tyde van die toekenningsfunksie bekend gemaak word;
- 2.3.6.5.7 'n Vergoedings-aanbod aan die beoordelaars is onderworpe aan die begroting en kan van tyd tot tyd wel beskikbaar wees al dan nie;
- 2.3.6.5.8 Die beoordelingskoördineerder plaas die beoordelaars sonder voorbehoud, vooroordeel en op die mees gepaste manier, by die kategorieë wat hulle moet beoordeel. Met uitsluiting van kategorieë 13-16 wat deur 7 beoordelaars beoordeel moet word, word die toepaslike kategorieë deur 4 beoordelaars beoordeel. Sommige van dié kategorieë sal 'n gekose spesialis-beoordelaar insluit;
- 2.3.6.5.9 Dieselfde prosedure om die beoordelaars vir die 2 Hip Hop-kategorieë te bepaal word deur die Hip Hop-komitee gevolg. Hier word daar dan ook 4 beoordelaars genader om die beoordeling van dié kategorieë te behartig;
- 2.3.6.5.10 Nadat kriteria-bepunte toegepas is, moet die beoordelaar die inskrywings in elke kategorie wat hy/sy beoordeel, rangeer. As daar dus 10 inskrywings is, moet die beoordelaar die albums rangeer van 1 tot 10 waar 1 die hoogste rangering aandui, en 10 die laagste;
- 2.3.6.5.11 As 'n inskrywing minder as 20 uit 50 kry, kwalifiseer dit nie vir 'n benoeming nie. Dit mag veroorsaak dat 'n kategorie dalk kan wegval en dus moet klousule 6.1.9 streng toegepas word.

2.4 Begunstigdes

Indien die Trust eindig op 'n datum wat die Trustees goed ag, sal die Trustees op welke datum die balans van die netto Trustbates aan elke begunstigde wat al ooit vir 'n Ghoema Musiektoekenning benoem was gelykop verdeel, met dien verstande dat sodanige begunstigde steeds in lewe is op datum van beëindiging van die Trust.

3 Kategorieë

Die kategorieë vir Die Ghoemas 2019 is as volg:

KATEGORIE 01:	ALBUM VAN DIE JAAR	– noteer vervaardiger/s
KATEGORIE 02:	MANLIKE KUNSTENAAR VAN DIE JAAR	
KATEGORIE 03:	VROULIKE KUNSTENAAR VAN DIE JAAR	
KATEGORIE 04:	GROEP VAN DIE JAAR	
KATEGORIE 05:	NUWELING VAN DIE JAAR	
KATEGORIE 06:	MEES AFGELAAIDE ALBUM VAN DIE JAAR	– geen beoordeling, slegs statistieke & noteer vervaardiger/s
KATEGORIE 07:	MEES AFGELAAIDE LIEDJIE VAN DIE JAAR	– geen beoordeling, slegs statistieke & noteer skrywer/s
KATEGORIE 08:	MEES GESTROOMDE ALBUM VAN DIE JAAR	– geen beoordeling, slegs statistieke & noteer vervaardiger/s
KATEGORIE 09:	MEES GESTROOMDE LIEDJIE VAN DIE JAAR	– geen beoordeling, slegs statistieke & noteer skrywer/s
KATEGORIE 10:	GEWILDSTE LIEDJIE VAN DIE JAAR	– geen beoordeling, slegs statistieke & noteer skrywer/s
KATEGORIE 11:	BESTE KOMPOSISIE VAN DIE JAAR	– noteer skrywer/s & verskaf lirieke
KATEGORIE 12:	BESTE HIP HOP LIEDJIE VAN DIE JAAR	– noteer skrywer/s & verskaf lirieke
KATEGORIE 13:	BESTE POP-ALBUM DEUR 'N MANLIKE KUNSTENAAR	
KATEGORIE 14:	BESTE POP-ALBUM DEUR 'N VROULIKE KUNSTENAAR	
KATEGORIE 15:	BESTE KONTEMPORÊRE ALBUM DEUR 'N MANLIKE KUNSTENAAR	
KATEGORIE 16:	BESTE KONTEMPORÊRE ALBUM DEUR 'N VROULIKE KUNSTENAAR	
KATEGORIE 17:	BESTE ALBUM DEUR 'N DUO OF GROEP	
KATEGORIE 18:	BESTE GEESTELIKE ALBUM	
KATEGORIE 19:	BESTE HUMOR-ALBUM	
KATEGORIE 20:	BESTE KINDER-ALBUM OF -DVD	
KATEGORIE 21:	BESTE ALTERNATIEWE ALBUM	
KATEGORIE 22:	BESTE ROCK-ALBUM	
KATEGORIE 23:	BESTE HIP HOP-ALBUM	
KATEGORIE 24:	BESTE BESTE BOERE – OF TRADISIONELE MUSIEK-ALBUM	
KATEGORIE 25:	BESTE INSTRUMENTALE ALBUM	
KATEGORIE 26:	BESTE LIGTE KLASSIEKE AFRIKAANSE ALBUM	
KATEGORIE 27:	BESTE COUNTRY-ALBUM	
KATEGORIE 28:	BESTE DVD-PRODUKSIE	– noteer regisseur/s
KATEGORIE 29:	BESTE MUSIEKVIDEO	– noteer regisseur/s
KATEGORIE 30:	BESTE LIEDJIESKRYWER: Solo	– verskaf lirieke / .mp3 files
KATEGORIE 31:	BESTE LIEDJIESKRYWER: Samestellingsgroep	– verskaf lirieke / .mp3 files
KATEGORIE 32:	BESTE VERVAARDIGER: Solo	– verskaf .wav files
KATEGORIE 33:	BESTE VERVAARDIGER: Samestellingsgroep	– verskaf .wav files
KATEGORIE 34:	ERE-TOEKENNING: LEWENSBYDRAE	
KATEGORIE 35:	ERE-TOEKENNING: BESTE VERKOPER	
KATEGORIE 36:	ERE-TOEKENNING: GHOEMA DIAMANT	
KATEGORIE 37:	PUBLIEK SE GUNSTELING MANLIKE KUNSTENAAR	– geen beoordeling, slegs 'n publieke stemproses
KATEGORIE 38:	PUBLIEK SE GUNSTELING VROULIKE KUNSTENAAR	– geen beoordeling, slegs 'n publieke stemproses
KATEGORIE 39:	PUBLIEK SE GUNSTELING DUO OF GROEP	– geen beoordeling, slegs 'n publieke stemproses

3.1 Algemeen m.b.t die kriteria per kategorie

Wanneer platemaatskappye/instansies/individuele inskrywings indien om in aanmerking te kom vir Die Ghoemas, is die volgende van belang:

- 3.1.1 Behalwe in die geval van Kategorieë 1 – 4, 6 – 9 sal verkoopsyfers en/of sogenaamde kommersiële sukses geensins tydens paneelbeoordeling in aanmerking geneem word nie aangesien (n) betrokke album/album-snit(te) beoordeel word en nie die kunstenaar en/of groep op grond van gewildheid nie. Die kriteria soos uiteengesit in klousule 4 is dus gemik op die kunstenaars/liedjieskrywers/vervaardigers se oorwegend artistieke trefkrag en meriete;
- 3.1.2 Alle CD/DVD-albums wat ingeskryf word, moet in totaal 60% musiek met Afrikaans as voertaal bevat om in aanmerking te kom. Dit geld vir alle kategorieë, behalwe waar anders gemeld word. Verwys na die kriteria per kategorie;
- 3.1.3 Geen heruitreikings word in enige kategorie in aanmerking geneem nie;
- 3.1.4 Alle CD-albums wat ingeskryf word, moet 'n minimum van 8 snitte bevat om in aanmerking te kom, ongeag die kategorie waarvoor ingeskryf word;
- 3.1.5 Alle musiekvideos wat ingeskryf word, moes lugtyd op een van die nasionale TV-uitsaaiers (o.a. alle kykNET kanale, SABC) en ook YouTube views ontvang het;
- 3.1.6 Alle musiekgenres en style kwalifiseer vir groepe wat ingeskryf word vir Beste Album deur 'n Duo of Groep;
- 3.1.7 By kategorieë 10, 11, 12 kwalifiseer enige treffer wat 6 maande voor die kalenderjaar ter sprake (2018) op 'n CD en/of as 'n enkelsnit uitgereik is (vanaf 1 Julie 2017), maar slegs as die liedjie nog nie voorheen ingeskryf is nie;
- 3.1.8 Die beoordelaarspaneel teken 'n Eed van Geheimhouding en hul besluite t.o.v. beoordeling is finaal en hul mag onder geen omstandighede enige samesprekings, gesprekke en/of korrespondensie hieroor voer nie. Soos vervat in die klousule 8 (Algemeen) van hierdie dokument, kan auditstate wel na afloop van die toekennings deur alle ingeskryfdes besigtig word;

- 3.1.9 Alle kategorieë is spesifiek volgens genre aangedui. Kunstenaars kan dus byvoorbeeld nie dieselfde album vir beide Beste Rock-album en Beste Alternatiewe Album inskryf nie;
Die enigste kombinasies wel moontlik is as volg:
- 3.1.9.1 Enige een kategorie vanaf 13-27 (uitgesluit Duo/Groep as die kunstenaar 'n solo-kunstenaar maar nie 'n Nuweling is nie) / Beste Komposisie van die Jaar / Beste Hip Hop Liedjie vd Jaar / Beste Musiekvideo / Beste Liedjieskrywer (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen) / Beste Vervaardiger (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen);
- 3.1.9.2 Nuweling van die Jaar / Enige een ander kategorie vanaf 13-27 (uitgesluit Duo/Groep as die kunstenaar 'n solo-kunstenaar is) / Beste Komposisie vd Jaar / Beste Hip Hop Liedjie vd Jaar / Beste Musiekvideo / Beste Liedjieskrywer (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen) / Beste Vervaardiger (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen);
- 3.1.9.3 Nuweling van die Jaar / Beste Duo/Groep / Enige een ander kategorie vanaf 18-27 (mits die kunstenaar 'n Duo of Groep is) / Beste Komposisie vd Jaar / Beste Hip Hop Liedjie vd Jaar / Beste Musiekvideo / Beste Liedjieskrywer (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen) / Beste Vervaardiger (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen);
- 3.1.9.4 Beste Duo of Groep / Enige een kategorie vanaf 18-27 (mits die kunstenaars 'n Duo of Groep is) / Beste Komposisie van die Jaar / Beste Hip Hop Liedjie vd Jaar / Beste Musiekvideo / Beste Liedjieskrywer (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen) / Beste Vervaardiger (beide kategorieë, onderworpe aan die kriteria van elkeen).
- 3.2 Statistiek-dokument**
- 3.2.1 Binne 7 dae na aangekondiging van benoemdes van kategorieë 13 – 27, moet alle benoemdes 'n statistiek-dokument inhandig; Hierdie dokument vorm deel van die beoordelingsproses van die kandidate vir Kategorieë 2 – 4.
- 3.2.2 Alle benoemdes moet 'n verklaring aflê om die akkuraatheid van die inligting verskaf te verifieer en hierdie verklaring is ingesluit in die pro-forma dokument wat via die offisiële Ghoema-webwerf (www.ghoema.co.za) afgelaai kan word. Die instruksies vir inhandiging is daar uiteengesit en sal nie later as 1 Januarie 2019 op die webwerf beskikbaar wees nie.

4 Kriteria per kategorie

Vir kategorie 11 en 12 is die volgende kriteria van toepassing:

punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 50
Skrywer(s)	Kunstenaar(s)	Skrywer(s)			
ARTISTIEKE VERMOË	ARTISTIEKE VERMOË	IDENTITEIT	PRODUKSIEWAARDE	VERMAAKWAARDE	TOTAAL
Kommersiële sukses van liedjie vorm nie deel van die kriteria nie!					
ARTISTIEKE VERMOË: Skrywer(s)	1) Maak die liedjieskrywer goeie/suksesvolle liriek- en/of kletsrym-keuses ?				
* Die woorde 'goeie' en 'goed' en suksesvol moet in hul breedste konteks toegepas word	2) Skryf die liedjieskrywer goeie/suksesvolle melodielyne, akkoord-progressies en is daar treffende 'hook lines'?				
ARTISTIEKE VERMOË: Kunstenaar(s)	3) Is die liedjieskrywer se sin vir struktuur-keuses goed/suksesvol ?				
	1) Hoe suksesvol vertolk die kunstenaar (indien van toepassing, pluk dit hartsnare) ?				
	2) Algemene stemtegniek, stemkwaliteit (mooi was nog nooit lelik nie) en/of kletsrym-vermoë ?				
IDENTITEIT: Skrywer(s)	1) Het die liedjieskrywer 'n interne identiteit - 'n sterk en unieke "ID" of dan skryf-persoonlikheid ?				
	2) As jy jou oë toemaak, is die klank van die liedjie spesifiek en herkenbaar ?				
PRODUKSIE-WAARDE:	1) Is die vervaardiging goed (opname/s, meng, meester ens...) ?				
	2) Het die vervaardiger goeie verwerkings-keuses gemaak ?				
VERMAAKWAARDE:	1) Het die liedjie sy teikenmark tevrede gestel ?				

Vir kategorieë 5 & 13 – 27 is die volgende kriteria van toepassing:

punt uit 15	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 5	punt uit 50
ARTISTIEKE VERMOË	IDENTITEIT	PRODUKSIEWAARDE	VERMAAKWAARDE	ONTWERP	TOTAAL
Kommersiële sukses van album vorm nie deel van die kriteria nie!					
ARTISTIEKE VERMOË:	1) Hoe suksesvol vertolk die kunstenaar (indien van toepassing, pluk dit hartsnare) ?				
	2) Algemene stemtegniek, stemkwaliteit (mooi was nog nooit lelik nie) of dan instrument-vaardigheid of kletsrymvermoë ?				
IDENTITEIT:	1) Het die kunstenaar 'n interne identiteit - 'n sterk en unieke "ID" of dan stem- of speel-persoonlikheid ?				
	2) As jy jou oë toemaak, is die klank van die album spesifiek en herkenbaar ?				
PRODUKSIE-WAARDE:	1) Is die vervaardiging goed (opname/s meng, meester ens...) ?				
	2) Het die vervaardiger goeie verwerkings-keuses gemaak ?				
VERMAAKWAARDE:	1) Is die album suksesvol verpak om die maksimum vermaak aan sy teikenmark te verskaf ?				
	2) Is die speellys goed saamgestel ?				
ONTWERP:	1) Pas die grafiese ontwerp van die album by die materiaal ?				
	2) Is die algemene ontwerp van die album in sy geheel suksesvol en weldeurdag ?				

Vir kategorieë 28 & 29: Beste DVD-produksie / Musiekvideo is die volgende kriteria van toepassing:

punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 50
LIEDJIEKEUSE	REGIE	OPVOERING	TEGNIES	VERMAAKWAARDE	TOTAAL
Kommersiële sukses van die DVD/musiekvideo vorm nie deel van die kriteria nie!					
LIEDJIEKEUSE:	1) Is die liedjiekeweuse(s) sterk genoeg om 'n visuele interpretasie te regverdig ?				
REGIE:	1) Indien van toepassing, is die storielyn weldeurdag en/of is die opvoering van die kunstenaar(s) goed ge-regisseer ?				
	2) Is die regie-keuses vars en nuut of is dit ge-yk en oorgebruik ?				
OPVOERING (PERFORMANCE):	1) Hoe suksesvol vertolk (<i>perform</i>) die hoof-kunstenaar(s) ?				
	2) Indien van toepassing, hoe suksesvol vertolk die ondersteunde kunstenaars (die orkeslede; die dansers; die ekstras; die karakterrolle ens.) ?				
TEGNIËSE VERSORGING:	1) Is die tegniëse versorging/keuses van die beeldmateriaal nl: die ligging(s) van die shoot [<i>the location(s)</i>]; die stilering (kostuums, hare, grimering, set, rekwisiete ens.); die keuses van kamera-skote en die post-produksie (redigering en effek-behandelings) uitstekend ?				
VERMAAKWAARDE:	1) Is die musiekvideo <i>entertaining</i> genoeg vir sy teikenmark ?				

4 **Kriteria per kategorie** (vervolg)**Vir Kategorie 30 & 31: Beste Liedjieskrywer is die volgende kriteria van toepassing:**

punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10
ARTISTIEKE VERMOË					
LIRIEKE	MELODIE	STRUKTUUR	IDENTITEIT	VERMAAKWAARDE	TOTAAL
ARTISTIEKE VERMOË:					
1) Maak die liedjieskrywer(s) goeie/suksesvolle liriek- en/of klatsrym-keuses ?					
* Die woorde 'goeie' en 'goed' en suksesvol moet in hul breedste konteks toegepas word					
2) Skryf die liedjieskrywer(s) goeie/suksesvolle melodielyne, akkoord-progressies en is daar treffende 'hook lines'?					
3) Is die liedjieskrywer(s) se sin vir struktuur-keuses goed/suksesvol ?					
IDENTITEIT:					
1) Het die liedjieskrywer(s) 'n interne identiteit - 'n sterk en unieke "ID" of dan skryf-persoonlikheid ?					
2) As jy jou oë toemaak, is die klank van die liedjies spesifiek en herkenbaar ?					
VERMAAKWAARDE:					
1) Het die liedjies hul teikenmark tevrede gestel ?					

Vir Kategorie 32 & 33: Beste Vervaardiger is die volgende kriteria van toepassing:

punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10	punt uit 10
KUNSTENAAR ID	VOKALE PRODUKSIE	MUSIEKVERWERKINGS	KLANKINGENIEUR-VAARDIGHEID	VERMAAKWAARDE	TOTAAL
KUNSTENAAR ID:					
1) Het die vervaardiger(s) in oorlog met al die rolspelers die kunstenaar(s) se handelsmerk bevorder m.a.w. is die 'brand ID' van die kunstenaar(s) sterk teenwoordig, ontwikkel en selfs verbeter ?					
VOKALE PRODUKSIE:					
1) Het die vervaardiger(s) die kunstenaar(s) se vokale interpretasie suksesvol geïnterpreteer en gelei ?					
MUSIEK-VERWERKINGS:					
1) Het die vervaardiger(s) goeie verwerking-keuses gemaak (instrumentasie ens.) ?					
2) As jy jou oë toemaak, is die klank van die verwerkings spesifiek en herkenbaar ?					
KLANKINGENIEUR-VAARDIGHEID:					
1) Het die vervaardiger(s) die 'final mix' en/of 'master' suksesvol geïnterpreteer en voltooi ?					
VERMAAKWAARDE:					
1) Het die liedjies hul teikenmark tevrede gestel ?					
* Die woorde 'goeie' en 'suksesvol' moet in hul breedste konteks toegepas word					

--- Alle inligting in blokke hierbo onderworpe aan verandering ---

4.1 Album van die Jaar, Manlike Kunstenaar van die Jaar, Vroulike Kunstenaar van die Jaar en Groep van die Jaar (Kategorieë 1,2,3,4)

- 4.1 a) Geen inskrywings word vir kategorieë 1 - 4 gemaak nie en die kandidate word nie gepubliseer nie, maar slegs op die toekenningsaand geopenbaar.
- 4.1 b) Om hierdie vier kategorieë se kandidate te bepaal word slegs Ghoema-inskrywings in ag geneem, d.w.s slegs kunstenaars/groepe wie se albums vir kategorieë 13 - 27 ingeskryf is en reeds aan die toekennings deelneem.
- 4.1 c) Hierdie kandidate word eers bepaal sodra die eerste fase beoordeling wat slegs deur 'n gekose beoordelaarspaneel behartig word, gefinaliseer is. Finale beoordeling van hierdie kategorieë vind dus eers na benoeming plaas.

4.1.1 Bepaling van Kategorie 1: Album van die Jaar

- 4.1.1.1 Om die wenner van dié kategorie te bepaal, word al die wenners van die album-kategorieë in ag geneem.
- 4.1.1.2 Tydens die beoordeling van hierdie kategorie ranger die beoordelaars die albums van hoog na laag waar 1 die topkeuse is. Sodanige kategorie word dus nie met insluiting van kommersiële statistieke bepaal nie, maar slegs op die album-kategorie kriteria soos alreeds tydens die 1^e fase beoordeling bepaal.
- 4.1.1.3 Die ontvanger van hierdie toekennings is, indien van toepassing, beide die kunstenaar/s en die vervaardiger/s.

4.1.2 Bepaling van Kategorie 2,3,4: Manlike Kunstenaar van die Jaar, Vroulike Kunstenaar van die Jaar en Groep van die Jaar

- 4.1.2.1 Die Top 2 albums in elke toepaslike album-kategorie soos bepaal deur die beoordelaars in die eerste fase van beoordeling (kategorieë 13 - 27) word op 'n kortlys geplaas;
- 4.1.2.2 Die beoordelaar-wenners van kategorieë 13 - 27 behaal outomaties 'n benoeming in kategorieë 2 - 4.
- 4.1.2.3 Om verdere kandidate in kategorie 2, 3 en 4 te bepaal, sal daar dan vanaf bogenoemde kortlys verdere kandidate deur die Hoofkategorie-Komitee aan die hand van 'n statistiek-dokument soos ingehandig na benoeming, aangedui word.
- 4.1.2.4 Alhoewel dit vanselfsprekend is, behaal die wenner van kategorie 5 slegs hier 'n outomatiese benoeming indien sodanige wenner ook 'n wenner in minstens enige een ander album-kategorie (kategorieë 13 - 27) is.
- 4.1.2.5 Hierdie kategorieë kan dus minder of meer as 5 kandidate hê.
- 4.1.2.6 Tydens die beoordeling van kategorieë 2 - 4 ranger die beoordelaars die albums van hoog na laag waar 1 die topkeuse is.
- 4.1.2.7 Hierdie rangerings word tesame met genoemde statistiek-dokumente deur 'n Hoofkategorie-Komitee bestaande uit die Beoordelingskoördineerder, die Trust Ouditeur asook nog een beskikbare Trustee in 'n Hoofkategorie-rubriek ingevoer en geïnterpreteer om die uiteindelijke wenners te bepaal.
- 4.1.2.8 Dié komitee ranger die kandidate se info van hoog na laag waar 1 die topkeuse is en behou die reg voor om sonder voorbehoud of vooroordeel na die beste van hul vermoë hul indrukke van die inligting op dié statistiek-dokumente te interpreteer. Indien die komitee nie 'n numeriese getal vanuit die inligting verskaf kan vasstel nie, is hulle geregtig om 'n rangeringspunt gebasseer op hul indruk in die betrokke onderafdeling te bepaal.

4.2 Nuweling van die Jaar (Kategorie 5)

- 4.2.1 Alle kunstenaars en/of groepe wat inskryf vir dié kategorie, se nasionale debuutalbum moes in die kwalifiserende tydspanne uitgereik gewees het.
- 4.2.2 Hierdie kandidaat sou voor die uitreiking van die kwalifiserende album nog nooit tanieme ontvang het nie (kompilasies uitgesluit) en is in alle opsigte 'n intree-kunstenaar.
- 4.2.3 Die betrokke kunstenaar/groep sou nog nooit van te vore 'n album in die handel gehad het of tydens/na konserte/optredes teen vergoeding van die hand gesit het nie.
- 4.2.4 Alle genre's van musiek kwalifiseer in hierdie kategorie.
- 4.2.5 Alle inskrywings is onderhewig aan die keuringsproses soos deur Bestuurskomitee besluit.
- 4.2.6 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.3 Mees Afgelaide Album / Liedjie van die Jaar; Mees Gestroomde Album / Liedjie van die Jaar (Kategorieë 6, 7, 8, 9)

- 4.3.1 Hierdie vier kategorieë word glad nie deur 'n beoordelingspaneel beoordeel nie en slegs verkope (sogenaamde *downloads/streams*) is die bepalende faktor.
- 4.3.2 Hierdie kategorie-kandidate word aan die hand van kommersiële statistieke soos verskaf deur die Bestuurskomitee, aangewys (Let wel: Dit is die plig van die Bestuurskomitee om seker te maak dat alle potensiële kandidate, insluitend sogenaamde indie-kunstenaars se inligting ingehandig word). Hierdie statistieke is indien benodig, onderworpe aan verifikasie en die offisiële formules soos aanbeveel deur RISA is hier van toepassing.
- 4.3.3 Indien 'n platemaatskappy / kunstenaar 'n uitreiking wat slegs digitaal beskikbaar is sou wou laat kwalifiseer in enige ander kategorie (kategorieë 5 & 13-27) en dus ook vir al die hoofkategorieë (kategorie 1-4) moet inskrywings daarvoor in die betrokke kategorieë gemaak word. Dié betrokke album/liedjie moet dus soos per die inskryfvoorm op 'n *USB memory stick* of 'n geskryfde CD/DVD of via Dropbox/WeTransfer (slegs .mp3 files & kunswerk ingesluit) opgelaaai word aan die beoordelaars beskikbaar gestel word;
- 4.3.4 Die voertaal van Kategorie 7 (Mees Afgelaide Liedjie van die Jaar) en Kategorie 9 (Mees Gestroomde Liedjie van die Jaar) moet Afrikaans wees.
- 4.3.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
- 4.3.6 Die ontvanger van Kategorie 6 & 8 se toekennings is indien van toepassing, beide die kunstenaar/s en die vervaardiger/s en die ontvanger van Kategorie 7 & 9 se toekennings is indien van toepassing, beide die kunstenaar/s en die skrywer/s.

4.4 Gewildste Liedjie van die Jaar (Kategorie 10)

- 4.4.1 Hierdie kategorie handel oor die gewildheid en trefkrag van 'n spesifieke liedjie.
- 4.4.2 Alle musiekgenre's en style kwalifiseer in hierdie kategorie, die voertaal van die liedjie moet Afrikaans wees en die liedjie moet in alle opsigte 'n nuutskepping wees.
- 4.4.3 Oorspronklike treffers wat op kompilasie-albums uitgereik is (indien daar nie 'n oorspronklike album uitgereik was deur die betrokke kunstenaar of groep nie), kwalifiseer ook in hierdie kategorie.
- 4.4.4 Indien benodig, sal 'n statistiek-dokument aangevra word met duidelik aangeduide statistieke oor die trefkrag wat hierdie liedjie in die breë media en onder die publiek geniet het (via sosiale netwerke, televisie, treffers-parades op radiostasies, gedrukte media ensovoorts) en dit is indien van toepassing, onderworpe aan verifikasie.
- 4.4.5 Hierdie kategorie-kandidate word nie deur 'n paneel beoordeel nie, maar word aan die hand van kommersiële statistieke soos verskaf deur die Bestuurskomitee, aangewys (Let wel: Dit is die plig van die Bestuurskomitee om seker te maak dat alle potensiële kandidate, insluitend sogenaamde indie-kunstenaars se inligting ingehandig word).
- 4.4.6 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
- 4.4.7 Die ontvanger van hierdie toekenning is indien van toepassing, beide die skrywer/s en die kunstenaar/s.

4.5 Beste Komposisie van die Jaar (Kategorie 11)

- 4.5.1 Alle musiekgenre's en style kwalifiseer in hierdie kategorie;
- 4.5.2 Die voertaal van die liedjie/s ingeskryf moet oorwegend Afrikaans wees en elke liedjie moet in alle opsigte 'n nuutskepping wees.
- 4.5.3 Slegs 'n maksimum van 2 liedjies per kunstenaar/duo/groep kan ingeskryf word.
- 4.5.4 Oorspronklike treffers wat op kompilasie-albums uitgereik is (indien daar nie 'n oorspronklike album uitgereik was deur die betrokke kunstenaar of groep nie), kwalifiseer ook in hierdie kategorie.
- 4.5.5 Die beoordelaars sal sonder vooroordeel die liedjie binne die raamwerk en konteks van sy genre beoordeel.
- 4.5.6 Die kwalifiserende liedjie se opname moet op 'n USB memory stick/CD/DVD of via Dropbox/WeTransfer (in .mp3 formaat) geskryf/opgelaa word, lirieke moet verskaf word en die volledige lys van skywers moet op die inskryfvorm verskyn. Indien 'n platemaatskappy/instansie/individu meer as een liedjie (al is dit vir verskillende kunstenaars) inskryf, kan alle liedjies op dieselfde USB-stick/CD/DVD verskaf word of in via Dropbox/WeTransfer opgelaa word.
- 4.5.7 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
- 4.5.8 Die ontvanger van hierdie toekenning is indien van toepassing, beide die skrywer/s en die kunstenaar/s.

4.6 Beste Hip Hop Liedjie van die Jaar (Kategorie 12)

- 4.6.1 Alle Hip Hop style kwalifiseer in hierdie kategorie waaronder *rhythmic, spoken word, battle/war style, socio economic/cultural* en die kriteria vir beoordeling is as volg: artistieke vermoë (skrywer/s); identiteit (skrywer/s); artistieke vermoë (kunstenaar/s); produksiewaarde; vermaakwaarde.
- 4.6.2 Slegs 'n maksimum van 2 liedjies per kunstenaar/duo/groep kan ingeskryf word.
- 4.6.3 Oorspronklike treffers wat op kompilasie-albums uitgereik is (indien daar nie 'n oorspronklike album uitgereik was deur die betrokke kunstenaar of groep nie), kwalifiseer ook in hierdie kategorie.
- 4.6.4 Die beoordelaars sal sonder vooroordeel die liedjie binne die raamwerk en konteks van sy genre beoordeel.
- 4.6.5 Die kwalifiserende liedjie se opname moet op 'n USB memory stick/CD/DVD geskryf of via Dropbox/WeTransfer (in .mp3 formaat) gelaai word, lirieke moet verskaf word en die volledige lys van skywers moet op die inskryfvorm verskyn. Indien 'n platemaatskappy/instansie/individu meer as een liedjie (al is dit vir verskillende kunstenaars) inskryf, kan alle liedjies op dieselfde USB memory stick/CD/DVD geskryf word.
- 4.6.6 Die ontvanger van hierdie toekenning is, indien van toepassing, beide die skrywer/s en die kunstenaar/s.

4.7 Beste Pop-album deur 'n Manlike / Vroulike Kunstenaar (Kategorie 13 & 14)

- Vir doeleindes van dié kategorieë is die onderstaande slegs algemene riglyne eerder as spesifieke kriteria:
- 4.7.1 Popmusiek staan as Moderne Populêre Musiek bekend met die klem op konsekwente ritme, verskeie harmonieë en sterk melodieë.
- 4.7.2 Dit spreek algemeen tot 'n jonger gehoor eerder as 'n bepaalde nis-mark of ideologie en konsentreer op 'n hoofstroomse en/of sekulêre en/of kommersiële mark.
- 4.7.3 Tipiese eienskappe van Popmusiek is die sogenaamde vers/koor/vers/koor/brug/koor of die twee-en-dertig-maat struktuur wat in die besonder deur 'n konsekwente ritme gedryf word.
- 4.7.4 Die fokus lê gewoonlik in die spreekwoordelike *catchy hooks* van die lied en die skryfstyl van popliedjies is gewoonlik elementêr en eenvoudig, met die lirieke wat normaalweg fokus op eenvoudige onderwerpe soos die liefde en die lewe, alhoewel daar soms prominente uitsonderings in die onderwerp/tema van lirieke kan wees.
- 4.7.5 Tipiese musiekstyle wat kwalifiseer is sokkie- en dansmusiek.
- 4.7.6 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.8 Beste Kontemporêre-album deur 'n Manlike / Vroulike Kunstenaar (Kategorie 15 & 16)

- Vir doeleindes van dié kategorieë is die onderstaande slegs algemene riglyne eerder as spesifieke kriteria:
- 4.8.1 Kontemporêre musiek is 'n meer 'gevorderde' vorm van Popmusiek met die klem op ritme, harmonie en sterk melodie met 'n soms welige aanslag.
- 4.8.2 Kontemporêre musiek is groot-en-deels gemik op die generasie-gaping ('n meer volwasse gehoor) tussen aanhangers van Popmusiek en die meer harde klank van Rock-musiek en neem gewoonlik sekere eienskappe van beide hierdie musiek-genres aan.
- 4.8.3 Die temas/onderwerpe wat in Kontemporêre musiek aangespreek word, het gewoonlik (maar nie eksklusief) 'n meer volwasse en/of gevorderde aanslag op die lewe en die liefde en fokus soms ook op aktuele onderwerpe.
- 4.8.4 Sogenaamde MOR (Middle of the Road) musiek of *Easy Listening* musiek kan hierdie kategorie verder definieër.
- 4.8.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

Die volgende is op Kategorie 13, 14, 15 en 16 van toepassing:

Die Bestuurskomitee behou die reg voor om tydens die keurings-vergadering te besluit om
 óf Kategorie 13 & 14 en Kategorie 15 & 16
 óf Kategorie 13 & 15 en Kategorie 14 & 16
 saam te voeg.

4.9 Beste Album deur 'n Duo of Groep (Kategorie 17)

- 4.9.1 In hierdie kategorie mag enige duo of groep se werk ingeskryf word en dié kategorie word gemik op duo's/groepe in enige genre, behalwe instrumentale werk.
- 4.9.2 Hierdie kategorie dus vir albums met sang.
- 4.9.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.10 Beste Geestelike Album (Kategorie 18)

- 4.10.1 Hierdie album moet 'n geestelike en/of spirituele aanslag hê wat spreek tot alle ouderdomme.
- 4.10.2 Die album bevat gewoonlik musiek wat 'n boodskap uitdra ten opsigte van alle erkende godsdienste, hetsy persoonlik of gemeenskaplik.
- 4.10.3 Alle musiek-genres kom in aanmerking en hierdie album se liriek-inhoud indien eksplisiet, moet vooraf aangedui word.
- 4.10.4 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.11 Beste Humor-album (Kategorie 19)

- 4.11.1 Hierdie album moet 'n humoristiese en komiese aanslag geniet wat spreek tot alle ouderdomsgroepe.
- 4.11.2 Die beoordelaars sal ook fokus op die kandidaat se handelsmerk (*brand*) en hoe hul algemene voorkoms bydra tot die humor van hul werk.
- 4.11.3 'n Album wat stories/vertellings bevat is geldig maar moet in totaal minstens 50% Afrikaanse musiek bevat.
- 4.11.4 Kwalifiserende albums en/of werke mag geen banale kru-taal of blatante of opsetlike suggestie bevat nie en moet ten alle tye tot 'n inklusiewe mark spreek;
- 4.11.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.12 Beste Kinder-album of -DVD (Kategorie 20)

- 4.12.1 Beide CD en DVD-uitreikings is geldig.
 4.12.2 'n Album/DVD wat stories/vertellings bevat is geldig moet in totaal minstens 50% Afrikaanse musiek bevat.
 4.12.3 Hierdie album/DVD sal spesiaal opgeneem en verpak word vir kinders jonger as 12-jaar.
 4.12.4 Uitreikings waar beide 'n CD en DVD vervaardig is, moet óf as 'n CD óf as 'n DVD ingeskryf word en om beide in te skryf is dus nie geldig nie.
 4.12.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.13 Beste Alternatiewe-album (Kategorie 21)

- 4.13.1 Hierdie genre word beskou as 'n musiekstyl wat verskil / nie in lyn is met hoofstroom-genres soos Rock, Pop en Kontemporêre musiek nie en fokus altyd op 'n sekere sub-kultuur en nis-mark.
 4.13.2 Style wat kwalifiseer is onder andere: Indie-style, Alternatiewe Punk, Electro, New Wave, Grunge, Post-punk ensovoorts.
 4.13.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.14 Beste Rock-album (Kategorie 22)

- 4.14.1 Hierdie album se aanslag is Rock en het anders as Pop/Kontemporêre musiek, 'n harder en meer aggresiewe aanslag.
 4.14.2 Die temas/onderwerpe wat in die lirieke aangespreek word gaan soms gepaard met 'n sekere ideologie of sub-kultuur, maar daar is uitsonderings tot hierdie riglyn;
 4.14.3 Alle vorms en genres van Rock word in hierdie kategorie ingesluit b.v Progressive Rock, Funk Rock, Punk Rock, Metal, Funk Metal, Death Metal, Experimental Rock ensovoort.;
 4.14.4 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.15 Beste Hip Hop-album (Kategorie 23)

- 4.15.1 Alle vorms en genres van Hip Hop word in hierdie kategorie ingesluit waaronder *rhythmic, spoken word, battle/war style, socio economic/cultural* ensovoorts.
 4.15.2 Die temas/onderwerpe wat in die lirieke aangespreek word gaan soms gepaard met 'n sekere ideologie of sub-kultuur, maar daar is uitsonderings tot hierdie riglyn.
 4.15.3 Die album se voertaal moet aan klousule 3.1.2 voldoen en die toekenning is dus gemik op presteerders in die Afrikaans Hip Hop landskap.
 4.15.4 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.16 Beste Beste Boeremusiek-album of Tradisionele musiek-album (Kategorie 24)

- 4.16.1 Hierdie album is óf gemik op Boeremusiek óf Boeredans-musiek (Langam-musiek) – dit is informele musiek wat op 'n kenmerkende manier gespeel word en as sulks hoofsaaklik bedoel as begeleiding vir sosiale danse óf hierdie album kan gemik wees op informele musiek wat op 'n kenmerkende manier gespeel word en as sulks hoofsaaklik gemik op uitheemse en inheemse klanke.
 4.16.2 Hierdie kategorie tel vir albums met en/of sonder sang.
 4.16.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.17 Beste Instrumentale-album (Kategorie 25)

- 4.17.1 Instrumentale musiek kan enige genre/styl van musiek wees waar een of meer instrument/e bespeel word en dit sluit liriek-gedrewe sang uit. Sang waar die stem soos enige ander solo-instrument aangewend word is egter toelaatbaar.
 4.17.2 Enige instrumentale album kwalifiseer, ongeag die genre maar sluit uit Boeremusiek-albums / Tradisionele musiek-albums soos in klousule 4.15 uiteengesit.
 4.17.3 Omdat die inhoud van die album instrumentaal is, word daar geen verhouding tussen Afrikaanse/Engelse herkoms en/of oorsprong van die inhoud geplaas nie en kwalifiseer enige instrumentale album vir hierdie kategorie.
 4.17.4 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.18 Beste Ligte Klassieke Afrikaanse album (Kategorie 26)

- 4.18.1 Alle Ligte Klassieke musiek-genres en alle sangtale kwalifiseer maar die album moet in totaal minstens 60% Afrikaanse musiek bevat.
 4.18.2 Geen instrumentale-musiek mag hier ingeskryf word nie.
 4.18.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.19 Beste Country-album (Kategorie 27)

- 4.19.1 Hierdie album se handelsmerk en styl-aanbieding moet getrou wees aan die breë omvattende Amerikaanse Countrymusiek-genres.
 4.19.2 Die snitte op die album moet in totaal minstens 50% Afrikaanse musiek bevat.
 4.19.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.

4.20 Beste DVD-produksie (Kategorie 28)

- 4.20.1 Hierdie DVD geld vir 'n Afrikaanse vertoning wat lewendig voor 'n gehoor opgeneem is, ongeag watter genre die musiek mag wees.
 4.20.2 Slegs solo-kunstenaars, duo's en groepe kwalifiseer en DVD's met 'n ensemble-rolverdeling of kompilasieprodukte kwalifiseer nie.
 4.20.3 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
 4.20.4 Die ontvanger van hierdie toekenning is indien van toepassing, beide die kunstenaar/s en die regisseur/s.

4.21 Beste Musiekvideo (Kategorie 29)

- 4.21.1 Hierdie musiekvideo geld vir enige Afrikaanse liedjie, ongeag watter genre die musiek mag wees en sluit ook instrumentale liedjies in (al is die titel anderstalig).
 4.21.2 Indien 'n YouTube-link vir beoordeling verskaf word, moet die musiekvideo in hoë definisie (HD -720p of 1080p) gespeel kan word. E-pos link/s na edelingh@iafrica.com.
 4.21.3 Hierdie musiekvideo sou reeds uitgesaai gewees het in die kwalifiserende periode.
 4.21.4 Slegs 'n maksimum van 2 musiekvideos per kunstenaar/duo/groep kan ingeskryf word.
 4.21.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
 4.21.6 Die ontvanger van hierdie toekenning is indien van toepassing, beide die kunstenaar/s en die regisseur/s.

4.22 Beste Liedjieskrywer: Solo (Kategorie 30)

- 4.22.1 Hierdie toekenning word gemaak aan 'n **solo-liedjieskrywer**, ongeag die genre/styl waarin die liedjies vrygestel is en die voertaal van die liedjies moet Afrikaans wees.
 4.22.2 Vir beoordeling moet daar 'n minimum van 3 liedjies en 'n maksimum van 5 liedjies ingeskryf word en dié liedjies moet slegs vanuit die liedjieskrywer se 2018 katalogus getrek word. Dit kan dus op een album/as enkelsnit verskyn het, en/of getrek word van verskeie kunstenaars se albums/enkelsnit vrystellings.
 4.22.3 Die kwalifiserende liedjies se opnames moet op geskryfde blanko-CD/DVD of op 'n *USB memory stick* gekopieer of via WeTransfer (in .mp3-formaat) verskaf word. Notering van die kunstenaar/s wat die liedjies opgeneem het word vereis en die lirieke moet die inskrywing vergesel.
 4.22.4 Geen heruitreikings word in ag geneem nie.
 4.22.5 Enkel-liedjieskrywers mag slegs eenmalig inskryf en die opsies is as volg:
 4.22.5.1 Waar die liedjieskrywer liedjies inskryf vanaf sy/haar eie album, moet 3-5 liedjies ingeskryf word – 'n eenmalige inskryf-fooi is hier van toepassing;
 4.22.5.2 Waar die liedjieskrywer liedjies inskryf vanaf sy/haar eie album plus 'n minimum van 2 soos opgeneem deur ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-fooi is hier van toepassing;
 4.22.5.3 Waar die liedjieskrywer nie 'n album ingeskryf het nie en liedjies inskryf soos opgeneem deur ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-fooi is hier van toepassing.
 4.22.6 In hierdie kategorie moet werke wat ingeskryf word (beide die komposisie en lirieke) **oorspronklik** wees. m.a.w., geen liedjieskrywer sal in aanmerking kom wat Afrikaanse woorde vir 'n bestaande melodie en/of komposisie geskryf het nie, ongeag taal of herkoms van die lied.
 4.22.7 Laasgenoemde sluit werke van die Eurovision Song Contest, Pop Idol, materiaal van MIDEM en OGEA in en musiek van hierdie instansies mag nie ingeskryf word nie.
 4.22.8 Let wel: Die liedjieskrywer mag eenmalig as 'n individu inskryf en kan ook in 'n maksimum van 2 samewerkings-groepe (*collaborations*) inskryf **met dien verstande dat al die liedjies per inskrywing verskil**.

4.23 Beste Liedjieskrywer: Samewerkingsgroepe (Kategorie 31)

- 4.23.1 Hierdie toekenning word gemaak aan **liedjieskrywers wat in 'n samewerkingsgroep (collaboration)** geskryf het, ongeag die genre/styl waarin die liedjies vrygestel is en die voertaal van die liedjies moet Afrikaans wees. Die hoeveelheid skrywers moet 2 of meer wees, **maar moet uit dieselfde groep mense bestaan wat betref die ingeskryfde liedjies.**
- 4.23.2 Vir beoordeling moet daar 'n minimum van 3 liedjies en 'n maksimum van 5 liedjies ingeskryf word en dié liedjies moet slegs vanuit die liedjieskrywers se 2018 katalogus getrek word. Dit kan dus op 'n een album verskyn het, en/of getrek word van verskeie kunstenaars se albums/enkelsnit vrystellings.
- 4.23.3 Die kwalifiserende liedjies se opnames moet op geskryfde blanko-CD/DVD of op 'n *USB memory stick* gekopieer of via 'n Dropbox-folder of via WeTransfer (in .mp3-formaat) verskaf word. Notering van die kunstenaar/s wat die liedjies opgeneem het word vereis en die lirieke moet die inskrywing vergesel.
- 4.23.4 Geen heruitreikings word in ag geneem nie.
- 4.23.5 **Samewerkingsgroepe mag slegs in twee (2) verskillende groepe inskryf en die opsies is as volg:**
- 4.23.5.1 Waar die liedjieskrywers liedjies inskryf wat op een album verskyn, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing indien een of meer van die liedjieskrywers die kunstenaar/s van die album is;
- 4.23.5.2 Waar die liedjieskrywers 'n maksimum van 3 liedjies inskryf wat op een album verskyn, plus 'n minimum van 2 soos opgeneem deur ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing;
- 4.23.5.3 Waar die liedjieskrywers enkel-liedjies inskryf soos opgeneem deur verskeie kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing.
- 4.23.6 In hierdie kategorie moet werke wat ingeskryf word (beide die komposisie en lirieke) **oorspronklik** wees. m.a.w., geen liedjieskrywers sal in aanmerking kom wat Afrikaanse woorde vir 'n bestaande melodie en/of komposisie geskryf het nie, ongeag taal of herkoms van die lied.
- 4.23.7 Laasgenoemde sluit werke van die Eurovision Song Contest, Pop Idol, materiaal van MIDEM en OGEA in en musiek van hierdie instansies mag nie ingeskryf word nie;
- 4.23.8 Let wel: Die liedjieskrywers in die samewerkingsgroep mag eenmalig as 'n individu inskryf maar kan net in 'n maksimum van 2 samewerkings-groepe (*collaborations*) inskryf **met dien verstande dat die al die liedjies per inskrywing verskil.**
- 4.23.9 Die ontvanger van hierdie toekenning is alle lede van die samewerkingsgroep, maar slegs een trofee sal oorhandig word. Eienaarskap van die trofee word oorgelaat aan die diskresie van die groep, maar as daar lede van die groep is wat ook 'n trofee wil besit, kan dit op eie onkoste bestel word.

'n Liedjieskrywer kan dus 'n maksimum van 3 keer inskryf: eenmalig as 'n individu en 1 of 2 keer in verskillende samewerkingsgroepe !

4.24 Beste Vervaardiger: Solo (Kategorie 32)

- 4.24.1 Hierdie toekenning word gemaak aan 'n **solo-vervaardiger** van liedjies, ongeag die genre/styl waarin die liedjies vrygestel is en die voertaal moet Afrikaans wees.
- 4.24.2 Hierdie kategorie is oop vir onafhanklike vervaardigers, musikante wat as vervaardigers optree en kunstenaars wat hul eie werk vervaardig.
- 4.24.3 Vir beoordeling moet daar 'n minimum van 3 liedjies en 'n maksimum van 5 liedjies ingeskryf word en dié liedjies moet slegs vanuit die vervaardiger se 2018 katalogus getrek word. Dit kan dus op een album verskyn het, en/of getrek word van verskeie kunstenaars se albums/enkelsnit vrystellings. Die kwalifiserende liedjies se opnames moet op geskryfde blanko-CD/DVD of op 'n *USB memory stick* gekopieer of via 'n Dropbox-folder of via WeTransfer (in .wav-formaat) verskaf word.
- 4.24.4 **Enkel-vervaardigers mag slegs eenmalig inskryf en die opsies is as volg:**
- 4.24.4.1 Waar die vervaardiger liedjies inskryf vanaf sy/haar eie album, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing;
- 4.24.4.2 Waar die vervaardiger liedjies inskryf vanaf sy/haar eie album plus 'n minimum van 2 soos opgeneem deur ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing;
- 4.24.4.3 Waar die vervaardiger nie 'n album ingeskryf het nie en liedjies inskryf soos vervaardig vir ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing.
- 4.24.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
- 4.24.6 Let wel: Die vervaardiger mag eenmalig as 'n individu inskryf en kan ook in 'n maksimum van 2 samewerkings-groepe (*collaborations*) inskryf **met dien verstande dat die liedjies per inskrywing verskil.**

4.25 Beste Vervaardiger: Samewerkingsgroepe (Kategorie 33)

- 4.25.1 Hierdie toekenning word gemaak aan **vervaardigers wat in 'n samewerkingsgroep (collaboration)** vervaardig het, ongeag die genre/styl waarin die liedjies vrygestel is en die voertaal van die liedjies moet Afrikaans wees. Die hoeveelheid vervaardigers moet 2 of meer wees, **maar moet uit dieselfde groep mense bestaan wat betref die ingeskryfde liedjies.**
- 4.25.2 Hierdie kategorie is oop vir onafhanklike vervaardigers, musikante wat as vervaardigers optree en kunstenaars wat hul eie werk vervaardig.
- 4.25.3 Vir beoordeling moet daar 'n minimum van 3 liedjies en 'n maksimum van 5 liedjies ingeskryf word en dié liedjies moet slegs vanuit die vervaardigers se 2018 katalogus getrek word. Dit kan dus op een album verskyn het, en/of getrek word van verskeie kunstenaars se albums/enkelsnit vrystellings. Die kwalifiserende liedjies se opnames moet op geskryfde blanko-CD/DVD of op 'n *USB memory stick* gekopieer of via 'n Dropbox-folder of via WeTransfer (in .wav-formaat) verskaf word.
- 4.25.4 **Samewerkingsgroepe mag slegs in twee (2) verskillende groepe inskryf en die opsies is as volg:**
- 4.25.4.1 Waar die vervaardiger liedjies inskryf wat op een album verskyn, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing indien een of meer van die vervaardigers die kunstenaar/s van die album is;
- 4.25.4.2 Waar die vervaardigers 'n maksimum van 3 liedjies inskryf wat op een album verskyn plus 'n minimum van 2 soos vervaardig vir ander kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing;
- 4.25.4.3 Waar die vervaardigers enkel-liedjies inskryf soos vervaardig vir verskeie kunstenaars, moet 3-5 liedjies ingeskryf word - 'n eenmalige inskryf-foo is hier van toepassing.
- 4.25.5 Geen heruitreikings word in aanmerking geneem nie.
- 4.25.6 Let wel: Die vervaardigers in die samewerkingsgroep mag eenmalig as 'n individu inskryf maar kan net in 'n maksimum van 2 samewerkings-groepe (*collaborations*) inskryf **met dien verstande dat die liedjies per inskrywing verskil.**
- 4.25.7 Die ontvanger van hierdie toekenning is alle lede van die samewerkingsgroep, maar slegs een trofee sal oorhandig word. Eienaarskap van die trofee word oorgelaat aan die diskresie van die groep, maar as daar lede van die groep is wat ook 'n trofee wil besit, kan dit op eie onkoste bestel word.

'n Vervaardiger kan dus 'n maksimum van 3 keer inskryf: eenmalig as 'n individu en 1 of 2 keer in verskillende samewerkingsgroepe !

4.26 Ere-toekenning: Lewensbydrae (Kategorie 34)

- Die gepaste kandidaat:
- 4.26.1 Is 'n uitvoerende kunstenaar en/of is nie noodwendig 'n kunstenaar nie, maar kan enige ander rolspeler/persoon wees wat vir minstens 20 jaar in 'n administratiewe / kreatiewe / uitvoerende hoedanigheid of baanbrekerswerk/pionierswerk tot diens van die Afrikaanse musiekbedryf gelewer het. Persone wat kwalifiseer sluit dus rolspelers in die media, uitsaaiwese, musikante, vervaardigers, regisseurs en kunstenaar-bestuurders en/of -agente in;
- 4.26.2 Die gepaste kandidaat sou oor die jare heen deurlopende lewensvatbaarheid in hul werk en loopbaan geniet het;
- 4.26.3 'n Motiveringsbrief mag aangevra word ter staving hiervan;
- 4.26.4 Die ontvanger/s van hierdie kategorie word deur die Raad van Trusteest besluit.

4.27 Ere-toekenning: Beste Verkoper (Kategorie 35)

- 4.27.1 Verkoopsyfers (fisies en digitaal) word vergelyk deur syfers wat deur platemaatskappye of individuele kandidate beskikbaar gestel moet word. Slegs werklike verkope van albums kom in aanmerking vir die Beste Verkoper toekenning. 'n Ouditverslag mag vanaf RISA of offisiële digitale platforms aangevra word ter staving hiervan.
- 4.27.2 Die volgende mag nie in aanmerking geneem/gebring word nie:
Gratis kopieë vir promosie en bemarkingsdoelindes;
Heruitreiking van albums;
Albums wat heruitgereik word as dubbel-verpakkings;
Albums wat voor die kwalifiserende tydperk uitgereik was en moontlik meer eenhede kon verkoop as 'n ander album binne die kwalifiserende tydperk.

4.28 Ere-toekenning: Ghoema Diamant (Kategorie 36)

- Die gepaste kandidaat is 'n uitvoerende kunstenaar en sou:
4.28.1 Tot en met die einde van 2017 reeds verkope van 1000 000 (een miljoen) of meer eenhede van sy vrystellings, hetsy dit albums, *singles*, DVD's is (ook op alle platvorms heen) kon boekstaaf;
- 4.28.2 Die ontvanger/s van hierdie kategorie word deur die Bestuurkomitee en/of die Raad van Trusteest benoem waarna die Trusteest die finale besluit neem.

4.29 Publiek se Gunsteling Manlike Kunstenaar / Vroulike Kunstenaar / Duo of Groep (Kategorie 37, 38, 39)

- 4.29.1 Die kandidate vir hierdie 3 kategorieë moet 'n benoemde wees wat as kunstenaar 'n album en/of 'n liedjie(s) ingeskryf het.
- 4.29.2 Geen vervaardiger of liedjieskrywer, tensy benoem as kunstenaar vir 'n album en/of liedjie(s) kwalifiseer vir hierdie kategorieë nie.
- 4.29.3 Hierdie kategorieë word nie beoordeel nie, maar word slegs via 'n publieke stemproses bepaal. Die formaat van die stemproses sowel as die maatskappy wat dit bedryf moet elke jaar deeglik omskryf word en mag van jaar na jaar verskil.

5 Inskrywings vir Die kykNET Ghoemas 2019

Die Ghoemas funksioneer ter alle tye in 'n kalenderjaar. Om te kwalifiseer vir die 8ste amptelike kykNET Ghoemas 2019, moes:

- 5.1 Alle kunstenaars/duos/groepe/liedjieskrywers/vervaardigers ('n) produk/te slegs tydens die kwalifiseerde periode (met uitsondering van kategorieë 10,11,&12 – verwys na klousule 3.1.7) uitgereik/geskryf/vervaardig het. Dus kan 'n kunstenaar/ duo/groep slegs oorweeg word vir byvoorbeeld kategorie 37: Publiek se Gunsteling Manlike Kunstenaar indien hy in die voorgenoemde kalenderjaar en met insluiting van klousule 3.1.7 'n vrystelling van soorte gepleeg het en wel 'n benoemde is;
- 5.2 CD-albums uitgereik en vir die publiek in die kleinhandel beskikbaar gewees het van 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018;
- 5.3 DVD-albums uitgereik en vir die publiek in die kleinhandel beskikbaar gewees het van 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018;
- 5.4 Musiekvideos vir die eerste keer uitgesaai gewees het op een van die nasionale TV-kanale (o.a. alle kykNET kanale, SABC) en ook minstens op YouTube van 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018;
- 5.5 Inskrywings vir Kategorieë 10, 11, 12 as sogenaamde kortspeler (*single*) uitgereik gewees het tussen 1 Julie 2017 tot 31 Desember 2018 (dus 'n 18-maande venster-periode), al was dit op 'n album wat die vorige termyn uitgereik is. Dit moet egter nie vir die vorige jaar as Beste Komposie/Gewildste Liedjie van die Jaar oorweeg gewees het nie;
- 5.6 Liedjieskrywers en Vervaardigers se werk/e op 'n album uitgereik en vir die publiek in die kleinhandel beskikbaar gewees het van 1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2018;
- 5.7 'n Eenmalige inskrywingsfooï van **R750,00** (geen BTW) saam met die inskrywingsvorm ingedien gewees het. Hierdie inskrywingsfooï is per kunstenaar/groep/liedjieskrywer/vervaardiger, ongeag die aantal toelaatbare kategorieë waarvoor ingeskryf word;
- 5.8 Die aantal CD's/DVD's/*memory sticks* wat benodig word vir beoordeling soos per die inskryfingform uitengesit, ingedien gewees het.
- 5.9 Inskryfings moet digitaal ingevul word en geen handgeskrewe inskryfings sal aanvaar word nie. Dit moet 'n 'handtekening-regmerk' bevat en as dit moet as 'n Excel-dokument gestuur word na Heidi Edeling by: edelingh@iafrica.com
- 5.10 Die inskryfperiode is vanaf 01 November 2018 - 30 November 2018.
- 5.11 Kunstenaars/duos/groepe/liedjieskrywers/vervaardigers en/of hul verteenwoordigers moet van tyd tot tyd soos verlang deur die beoordelingskoördineerder en die produksiespan wat **Die Ghoemas** vervaardig, die nodige fotos en/of beeldmateriaal verskaf om die kreatiewe visie van **Die Ghoemas** te help realiseer. Spesifikasie van hoë die materiaal verskaf moet word, sal deeglik uiteen gesit word.

6 Proses van inskrywing tot die bepaling van 'n wenner

Die volgende algemene regulasies rakende die onderskeie benoeming- & stemproses, is van toepassing op alle inskrywings.

6.1 Van inskrywings tot benoemings

- 6.1.1 Alle inskrywings word gemaak deur platemaatskappye of instansies of individue in ooreenstemming met die kwalifiserende tydspanne.
- 6.1.2 Na afloop van ontvangs van alle inskryfings, sal die Ghoema Musiek Trust daarvolgens 'n faktuur aan elke platemaatskappy of instansie of individu uitreik vir die bedrag van die totale aantal inskrywings wat gemaak is.
- 6.1.3 Alle inskrywings word deur die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee tydens 'n keuringsvergadering nagegaan vir korrekte detail en inligting om te verseker dat elke inskrywing vir beoordeling kwalifiseer.
- 6.1.4 Alle inskrywings en toepaslike werke word tydens privaat-luistersessies beoordeel deur 'n onafhanklike beoordelingspaneel.
- 6.1.5 Die eerste rondte beoordeling is slegs om benoemdes in elke kategorie te bepaal. Uiteraard sal dit dan bekend staan as die 'Lys van Benoemdes' in die onderskeie kategorieë;
- 6.1.6 Hierdie proses geskied nadat alle beoordelaars se puntelyste aan **Die Ghoemas** se offisiële ouditeursfirma ingehandig is. Die ouditeursfirma plus die Hoof Uitvoerende Beampte en die regsverteenvoerder op die Raad van Trusteers gaan volgens 'n ouditstelsel die beoordelaars se bepunte na om deursigtigheid te verseker.
- 6.1.7 Sou dit gebeur dat twee inskrywings in 'n spesifieke kategorie dieselfde punte behaal en 'n gelykop-beslissing tot gevolg het, sal beide hierdie inskrywings as benoemdes bekend gemaak word. Dit sal beteken dat so 'n kategorie uit 'n Top-6 in plaas van 'n Top-5 bestaan. Indien meer as twee inskrywings dieselfde punte behaal het, sal die aangewese beoordelaars weer gevra word om weer slegs hierdie inskrywings te beoordeel.
- 6.1.8 Sou dit gebeur dat daar minder as 3 inskrywings in 'n spesifieke kategorie gemaak is, sal daardie betrokke kategorie nie aangebied word nie.
- 6.1.9 Alle kandidate wat tydens die eerste rondte beoordeling 38% (19 uit 50) of minder behaal het, sal nie kwalifiseer as benoemdes nie. As dit tot gevolg het dat 'n kategorie met slegs 3 inskrywings gekanselleer moet word, moet die Bestuurskomitee via e-pos kommunikasie na die beste van hul vermoë aandui of oorblywende inskrywings in enige ander toepaslike kategorie oorgeplaas kan word. Indien dit nie doenbaar is nie, moet die oorblywende kandidaat/kandidate se beoordelaarspunt 'n minimum van 75% (37.5 uit 50) behaal het om steeds as benoemde/s te kwalifiseer. Indien slegs een kandidaat die minimum punt behaal het, sal dié kategorie steeds aangebied word, maar slegs op die aand van die toekennings toegeken word – die wenner word dus nie op die lys van benoemings aangekondig nie.
- 6.1.10 Indien daar tussen 3-5 inskrywings vir 'n kategorie is, word daar slegs 'n Top-3 aangekondig. Indien daar tussen 6-8 inskrywings is, word daar slegs 'n Top 4 aangekondig. Kategorieë met 9 of meer inskrywings kwalifiseer vir 'n Top-5 benoeming. Indien meer as een kandidaat dieselfde punt bereik het, kan daar wel 6 benoemdes wees, maar nie meer nie. In só 'n geval moet die betrokke beoordelaars weer geaktiveer word om dié kandidate te her-bepunte om 'n maksimum van 6 benoemdes te bepaal. Die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee behou die reg voor om tydens die keuringsvergaderings enige kategorie in sy geheel te kanselleer, sou dit blyk dat hierdie kategorie nie lewensvatbaar is nie.
- 6.1.11 Indien 'n inskrywing ten tyde van benoeming of daarna vir enige rede onttrek en/of gediskwalifiseer word, sal daardie inskrywing nie vervang word met die inskrywing wat die naas-beste punte na die Top 3/4/5/6 posisie beklee nie.
- 6.1.12 Die benoemdes in elke kategorie word dan op gekose digitale platforms bekend gemaak - datum te bevestig.

6.2 Van benoemings tot die aankondiging van wenners

- 6.2.1 Nadat die benoemdes aan die musiekbedryf en media bekend gemaak is, begin die tweede en finale rondte beoordeling van die sogenaamde hoofkategorieë (kategorieë 1 – 4) sowel as die publieke stemproses vir kategorieë 37 – 39.
- 6.2.2 Uitsluitel geskied nadat alle beoordelaars se finale puntelyste en die publiek se stemtotele vir die betrokke kategorieë aan die offisiële ouditeursfirma ingehandig is. Die ouditeursfirma bepaal dan volgens 'n ouditsisteem watter benoemde die hoogste punte behaal het en uit die aard van die saak as wenner aangekondig sal word.
- 6.2.3 Sou dit gebeur dat twee benoemdes dieselfde punte behaal en 'n gelykop beslissing tot gevolg het, sal beide hierdie benoemdes as wenners bekend gemaak word.
- 6.2.4 Indien daar drie of meer benoemdes in kategorieë 2-4 dieselfde punte behaal en 'n gelykop beslissing tot gevolg het, moet die beoordelaars weer geaktiveer word om dergelike kandidate weer te beoordeel om sodoende 'n wenner te bepaal.
- 6.2.5 Indien daar twee of meer benoemdes in kategorieë 37-39 dieselfde stemme behaal en 'n gelykop beslissing tot gevolg het, sal hierdie benoemdes almal as wenners bekend gemaak word.

6.3 Van finale audit tot die aankondiging van 'n wenner

Die Ghoemas streef konsekwent en vergerdig daarna om in alle opsigte kwaliteit, innoverendheid en uitsonderlike kreatiwiteit t.o.v. alle kunstenaars en musikante se werke - CD's, DVD's en kuns te vereer. Dit is ook van kardinale belang dat deursigtigheid en onafhanklikheid ten alle tye aan die orde van die dag is. Daarom is die proses van die finale audit tot aankondiging van 'n wenner as volg:

- 6.3.1 Nadat die ouditeure d.m.v. hul ouditsisteem die wenner/s van elke kategorie finaal bepaal het word die naam van die kategorie en die naam van die wenner/s deur die ouditeursfirma in koeverte geplaas;
- 6.3.2 Hierdie koeverte word dan deur verteenwoordigers van die ouditeursfirma nie minder as een-uur voor aanvang van die toekenningsgeleentheid na die venue gebring en deur hierdie verteenwoordigers in samewerking met Heidi Edeling weereens geverifieer en op 'n tafel agter die verhoog geplaas.
- 6.3.3 Die koeverte word dan in volgorde van die geleentheid/produksie se looporde uitgesit en hierdie plasing geskied onder toesig van genoemde verteenwoordigers, wie ook regdeur die funksie daarvoor verantwoordelik is om beide die koeverte en trofeeë ten alle tye te monitor;
- 6.3.4 Die Ghoema-trofeeë sal wel 'n inskripsie van die wenner/s se naam/name op hê en met uitsondering van klousule 6.3.5, word daar slegs een trofee per kategorie gemaak en toegeken;

- 6.3.5 Vir alle kategorieë waar daar 2 (twee) ontvangers van die toekenning is, word daar slegs 2 (twee) trofeeë voorsien. As daar meer as een kunstenaar/ liedjieskrywer/vervaardiger-wenner is wat ook die trofee wil besit, kan dit op eie onkoste bestel word;
- 6.3.6 Die ontvangers van ere-toekennings is voor die funksie aan die vervaardigers bekend sou daar kort video-insetsels van die kandidate gemaak word om tydens die geleentheid te beeldsend;
- 6.3.7 Geen Trustee (uitgesluit Heidi Edeling, aangewese ouditeure asook Gerda van Reenen), werknemer, produksielid, beoordelaar, Hip Hop-komiteelid, Bestuurskomitee- en/of ander personeel sal tot en met die produksie/geleentheid weet wie die kategorie-wenners is nie, behalwe in die geval van die vervaardiger van die funksie, die toesigvervaardiger van kykNET, sleutel mediapersoneel van kykNET, die tv-regisseur, die verhoogregisseur, die verhoogbestuurder, die vloerbestuurder, betrokke werknemer/s wat die audio-visuele beeldmateriaal van elke wenner voorberei en tegniese bedryf en die maatskappye/ of grafiese kunstenaar/s wat die trofeeë en die wennerskaarte vervaardig.
- 6.3.8 Die aankondiging van benoemdes tydens die geleentheid op die grootstern sal die standaardvorm aanneem maar met inagneming van die artistieke invalshoek;
- 6.3.9 Laasgenoemde punte is van kardinale belang aangesien **Die Ghoemas** inspirasie vind by Amerikaanse toekennings soos die Grammy's. Die uitdrukking van die wenners sou byvoorbeeld kan bydra tot die sukses van die televisie-uitsending;
- 6.3.10 Die vervaardiger behou die reg voor om die klankbaan van die wenners volgens die wenlys te speel wanneer elke wenner aangekondig word, al dan nie;
- 6.3.11 Die sitplekplasinge in die venue geskied eerstens volgens benoemdes en uit die aard van die saak word dit so geplaas dat die verhoog vir elke benoemde maklik toeganklik sal wees.

7 Die toekenningsgeleentheid en die uitvoer daarvan

- Die toekenningsgeleentheid word tweeledig vir beide verhoog en televisie vervaardig en word gedoen in oorleg met die bepaalde borge (wat van jaar tot jaar mag verskil), asook kykNET wat die amptelike uitsaaiër sowel as die huidige offisiële naamborg van die toekennings is. Die volgende is van belang:
- 7.1 Die Hoof Uitvoerende Beampte van **Die Ghoemas**, die kykNET toesigvervaardiger, die verhoogregisseur en die tv-vervaardiger (indien van toepassing) bepaal by wyse van demokratiese metode die artistieke- en kreatiewe lewering van die produksie;
- 7.2 Platemaatskappye/individue mag kunstenaars benoem om op te tree en sal deur die persone in klousule 7.1. genoem oorweeg word vir deelname. Genoemde persone in klousule 7.1. mag egter slegs kunstenaars oorweeg wat wel vir **Die Ghoemas** ingeskryf het;
- 7.3 Die produksie word ook onder andere beplan en uitgevoer vir die algehele Afrikaanse kykerspubliek, daarom word inhoud sorgvuldig beplan om tot voordeel te wees van reuse kykertalle;
- 7.4 Alhoewel die produksie jaarliks minstens een nuweling/intree-kunstenaar/onbekende kunstenaar huisves, is die produksie geensins 'n platform vir (enige) kunstenaar/s om blootstelling te kry nie en word laasgenoemde nie oorweeg wanneer kreatiewe/artistieke ontwikkeling vir die projek gedoen word nie;
- 7.5 **Die Ghoemas** mag in twee dele verdeel word waar die eerste deel tydens 'n voorfunksie kan plaasvind en die kategorie-wenners aangekondig word – die sogenaamde Voorfunksie-toekennings. Tydens hiërdie geleentheid sal die wenners van die kategorieë wat nie regstreeks uitgesaai word nie, toegeken word en hierdie kategorieë sal vooraf deur die Bestuurskomitee tydens die keuringsvergadering bepaal word. Die tweede deel van die toekenningsgeleentheid sal dus die regstreekse uitsending wees waar kategorieë soos gepaal deur die Bestuurskomitee dan toegeken word. Die Voorfunksie-toekennings mag egter wel opgeneem word vir latere uitsending, maar dié besluit berus by die paneel wat die toekennings moet realiseer en is nou verbonde aan die begroting beskikbaar daarvoor al dan nie.

8 Algemeen

- 8.1 Uitnodigings na die funksie geskied na goeddenke van die Raad van Trusteë, die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee en kykNET.
- 8.2 Die deelnemers vrywaar kykNET, die borge, die Ghoema Musiek Trust, sy Trusteë, lisensiehouers en elk van hul beamptes, direkteure, werknemers en agente teen alle eise, laste, oordele, verliese, skade, koste en uitgawes (insluitend regsuitgawes) direk of indirek as gevolg van die verbreking van enige van hierdie reëls deur die deelnemer.
- 8.3 Dit is die verantwoordelikheid van beide die kunstenaar en kontakpersoon, soos aangedui op die inskryfkaart, om te verseker dat alle besonderhede korrek ingevul is. **Die Ghoemas**, sy Trusteë, vervaardigers, regisseurs en onderskeidelike borge kan onder geen omstandighede aanspreeklik gehou word as verkeerde inligting op enige wyse gepubliseer word weens foutiewe inligting op die inskryfkaarte. Die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee behou die reg voor om alle informasie en details na te gaan en op te volg vir deursigtigheid en korrektheid.
- 8.4 Sou dit gebeur dat bogenoemde kriteria, reëls en regulasies soos uiteengesit in hierdie dokument nie nagekom word nie, behou die Raad van Trusteë en/of die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee van **Die Ghoemas** die reg voor om sonder enige kennisgewing daardie betrokke inskrywing en/of kunstenaar te diskwalifiseer. Die Raad van Trusteë en die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee benoem die persoon wat as die inskrywings- en beoordelingskoördineerder optree naamlik Heidi Edeling, om as sulks sodanige stappe te neem.
- 8.5 Sou dit na benoeming aan die lig kom dat 'n benoemde se inskrywing enigszins foutief was, ten spyte van die feit dat dié inskrywing tydens die keuringsvergadering nagegaan is, val dit binne die diskresie van die beoordelingskoördineerder om elke geval binne sy/haar eie konteks na goeddenke te besin en te hanteer. Die beoordelingskoördineerder moet egter die kriteria, reëls en regulasies van Ghoema 2019 soos uiteengesit in hierdie dokument, streng nakom.
- 8.6 Wanneer 'n inskrywing gemaak is, behou kykNET en die Ghoema Musiek Trust die reg voor om daardie betrokke kunstenaar se album, biografie, foto en naam te gebruik vir enige media, publisiteit, en bemarkingsdoelindes rakende **Die Ghoemas** sonder enige verdere kennisgewing aan die betrokke kunstenaar, individu of die platemaatskappye wat die inskrywing gemaak het. Hierdie reël sluit dan ook die gebruik daarvan in tydens enige televisie-uitsending wat verband hou met **Die Ghoemas**.
- 8.7 'n Gekontroleerde auditverslag waar die name van die beoordelaars anoniem bly is 1 (een) week na die toekenningsaand tydens 'n vergadering vir lede van die Bestuurskomitee/Hip Hop-komitee beskikbaar. Alvorens dié auditverslag beskikbaar gestel word, moet 'n Eed van Geheimhouding deur almal teenwoordig by die vergadering geteken word om te verseker dat geen informasie aan 'n derde party bekend gemaak sal word nie.
- 8.8 Ouditverslae is 1 (een) week na die toekenningsaand beskikbaar vir enige ingeskryfde persoon/persone om te besigtig. Indien besigtiger/s aandrang om die ouditverslae te besigtig, geskied dit by die kantore van **Die Ghoemas** se regsverteenvoerder en op onkoste van die besigtiger/s.
- 8.9 Beide die prokureur/regsverteenvoerder van **Die Ghoemas** en dié van die besigtiger/s moet as getuies teenwoordig wees, asook die ouditeur in beheer van die ouditverslae.
- 8.10 Alvorens ouditverslae beskikbaar gestel word, moet 'n Eed van Geheimhouding deur beide die besigtiger/s en die besigtiger/s se prokureur/regsverteenvoerder geteken word om te verseker dat geen informasie aan 'n derde party bekend gemaak sal word nie.

Alle navrae kan gerig word aan:

Heidi Edeling: edelingh@jafrica.com / 083 263 3535
Gerda van Reenen: gerdacvr@jafrica.com / 073 404 6171

Alle materiaal wat ingeskryf word, moet óf **PER COURIER** óf **via hand-aflewering te AFDA, Johannesburg** geskied. Hieronder die afleweringsadres:

kykNET GHOEMAS 2019
c/o Heidi Edeling
AFDA
41 Frost Avenue
Auckland Park
Johannesburg
2092

Please deliver package/s at AFDA Reception Desk !